



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. 12 Junie 2022

Vanoggend

Tema: Liggiefees

Ons Program

Vandag: Drie-eenheidsondag

- **Informele Erediens** om 9:30 (kerk) olv ds. Retief Botha
- **Sondagskool**
- **Deuroffer:** Jeugbediening
- **Kerkraadsvergadering** net ná die erediens in die konsistorie.

19 Junie: Vadersdag

- **Formele Erediens** om 9:30 (kerk) en 11:00 (Ons Woning) olv ds. Jaco
- **Deuroffer:** Fonds vir blindes (TOIBO)

Ons Bybellees-program

Ons lees tans die boek Hebreërs. Vandag lees ons Hebreërs 8. Kontak ds Jaco by 0845231157 as jy elke oggend 'n oordenking oor die betrokke hoofstuk per WhatsApp wil ontvang.



Só glo ons

Drie-Eenheidsondag

Drie-Eenheidsondag is 'n unieke feesdag in die Kerkjaar waarop die groter verstaan van die werking en die bestaan van God gevier word.

Op hierdie Sondag eer gelowiges regoor die wêreld die ewige Drie-Enige God: die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Simbool vir die Drie-Eenheid

Hierdie bekende simbool vir die Drie-Eenheid staan bekend as die "triquetra" of die Keltiese knoop. Die Kelte gee al vir eeue op verskillende maniere uiting aan hulle belewenis van die Drie-Eenheid (o.a. deur kunswerke, gedigte, liedere en gebede). Hierdie werke wat regoor die wêreld gebruik word herinner gelowiges daaraan dat die Drie-Eenheid nie net 'n konsep is om te verstaan nie, maar 'n misterie om in die alledaagse te beleef; dat dit 'n verhouding is waartoe ons uitgenooi word.



Misterie

Misterie is nie iets waarmee ons in die 21ste eeu altyd te gemaklik is nie. Tog is dit juis die misterie van God wat op Drie-Eenheidsondag gevier word.

Die Drie-Eenheid

Alhoewel die leerstelling van Drie-Eenheid eers in die vierde eeu officieel (met die konsilie van Nicea) geformuleer sou word, en die woorde "Drie-Eenheid" nie in die Bybel voorkom nie, is daar talle Skrifgedeeltes waarin God as Drie-Eenheid aan ons openbaar word. Die Drie-Eenheid is 'n God-in-verhouding wat ook ons uitnooi om in verhouding met Hom te staan: ons lees van die Vader wat in liefde die Seun na ons toe stuur, van die Seun wat aarde toe kom, en van die Gees wat wedergeboorte en nuwe lewe in ons bewerkstellig. Dit is noemenswaardig dat liefde aan die hart van die misterie van die Drie-eenheid staan. Dit is liefde wat in die Drie-Eenheid leef, en ons word in liefde ook uitgenooi om in verhouding met God te staan. Die misterie van God is ook die misterie van God Drie-Enig wat in Sy grootsheid en almag kies om ons te ontmoet, om ons tot 'n verhouding met Hom uit te nooi en om ons deel te maak van die beweging van liefde.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week. Baie geluk! Mag dit 'n jaar vol van die Here se seëninge en genade vir elkeen van julle wees.

Junie

12 **Ona Oosthuizen (80j)**

14 Anri Strauss; Janine van Jaarsveld

15 Ria Smit

16 Marolien Deysel; Jean Sheppard

17 Dirk Bouwer

18 **Gert Deysel (81j)**; Marilize Nienaber



Huweliksherdenking

Junie

17 Willie & Babs Meyer (61j)

Voorbidding

- Ina Prinsloo (enkel geopereer)
- Dr Hercule Strauss (herstel tuis ná hartprosedure)
- Toy Kukard (ongesteld, in hospitaal)
- Michael Oertel (kolon)
- die mense van KwaZulu-Natal
- die erge droogte en waterkrisis in die Oos-Kaap
- die mense van Oekraïne



Die Thoms gaan kuier in die VSA



Die Thoms se dogter Maryke verwag haar tweede baba in Julie, en ds Jaco en Elmien gaan vir dié geleentheid na Santa Barbara in die VSA. Hulle vertrek (DV) op 28 Junie en maak eers 'n Kaapse draai, voordat hulle op 4 Julie vanaf Kaapstad Internasionaal vlieg. Hulle sal (DV) die 29ste Julie terug wees.

Ten Slotte

Ek bind aan myself vandag
die sterk Naam van die Drie-eenheid
deur sy Naam aan te roep,
die Drie-in-Een, en Een-in-Drie.
Uit Hom het die ganse skepping ontstaan;
ewige Vader, Gees, Woord:
Loof die Heer van my verlossing,
verlossing is van Christus die Here.



uit St Patrick's Breastplate

Leraar: **Jaco Thom** 084 523 1157 jaco@ngkerkpetrusburg.co.za

Kantoor: **Madette Lombaard** 053 574 0279 ngkpetrusburg@gmail.com

Orrelis: **Elmien Thom** 084 562 3434 elmien@ngkerkpetrusburg.co.za

Koster: **Annamarie Dercksen** 072 499 4262 annamarie.dercksen@yahoo.com

Webwerf www.ngkerkpetrusburg.co.za *facebook* [NG Kerk Petrusburg](https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg)

Kantoorure Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00

Bankrekening ABSA Tjekrekening 2610580001